Vriende, Broers en Susters,

Rus is vir my ‘n belangrike saak, omdat ek al uitbranding beleef het.

Ek bevind myself egter in ‘n doodloopstraat hiermee, ek het as predikant 42 kalenderdae verlof per jaar, sommige het ook een Sondag per kwartaal af. MAAR wat doen ek daarmee? Jy gaan hou dalk vakansie by familie of jy het dalk gespaar vir ‘n vakansie? Maar rus jy werklik by familie en om elke keer, 42 kalenderdae, êrens te gaan vakansie hou kos net eenvoudig te veel! Om met “Jan-tuisbly-se Pastorie Karretjie” vakansie te hou werk nie vir almal nie.

Ek was al baie geseën met lidmate wat vir my hul vakansiehuise as geskenk gee om in vakansie te hou, dan maak mens ‘n plan met die brandstof ensovoorts. Alle gesinne is egter nie so bevoorreg nie. Gemeentes verskil baie en alle gemeentes se lidmate het nie vakansiehuise nie.

By “Help2Rest” wil ons vir Geestelike leiers dit moontlik maak om gratis vakansie te gaan hou! Dit is ons uiteindelike doel! Ons wil ‘n diens verskaf aan predikante en hul gesinne, deur te begin by die NG Kerk, maar sal graag dit wil uitbrei na alle ander denominasies. Ons sal uiteindelik graag vir predikante, vier weke elke jaar gratis vakansieverblyf wil verskaf en selfs tydens afnaweke vir u ook ‘n heenkome bied.

Baie harde werk en beplanning is al in hierdie projek in. Baie onderhandeling, organisering, gesprekke en werwing van eiendom en werwing van moontlike borge.

Op die oomblik,ter wille van die administrasie en kostes verbonde aan onderhandelinge, vra “Help2Rest”, R100 per gesin, per maand, wat ook die skoonmaak van die eenheid aan die einde van die week sal insluit.

M.a.w. “Help2Rest” vra vir Predikante en hul gesinne R100 per gesin, per maand vir administrasie, bemarking en organisering van die diens. Emeriti, proponente, teologie studente en hul gesinne sal gratis ingesluit word in hierdie diens (as hul dit so verkies). Dit staan ook enige weldoener vry om emeriti, proponente, teologie studente en hul gesinne te borg met die R100 per gesin, per maand.

Die gesin kry dan sewe dae {Maandag in en Sondag uit} gratis verblyf in die eiendom, per jaar, vir die R100 per gesin, per maand.

ONTHOU dat “Help2Rest” graag hierdie diens gratis wil verskaf en dit wil uitbrei tot vier weke per jaar per gesin EN na alle predikante, emeriti, proponente en teologiese studente van die NG Kerk in Suider Afrika!

Lidmate: Het jy ‘n vakansiehuis, of ‘n kontak met ‘n vakansiehuis of vakansie-oord? Wil jy nie asseblief vir ons by Help2Rest een week per jaar skenk vir die predikante en hul gesinne om te gaan rus nie?

Dit kan ‘n woonstel in die middel van die stad wees, dit kan ‘n selfs iets ver weg van enige mense wees! Ons wil graag soveel as moontlik vakansieplekke daarstel vir predikante en hul gesinne om te gaan rus.

Ons vra vir predikante en hul gesin R100 per gesin, per maand vir administrasie, bemarking en organisering van die diens. Emeriti, proponente, teologie studente en hul gesinne sal gratis ingesluit word in hierdie diens (as hul dit so verkies). Dit staan ook enige weldoener vry om emeriti, proponente, teologie studente en hul gesinne te borg met die R100 per gesin, per maand.

Die gesin kry dan sewe dae {Maandag in en Sondag uit} gratis verblyf in die eiendom, per jaar, vir die R100 per gesin, per maand.

Help2Rest sal ook aan die einde van die gesin se verblyf in u eiendom, betaal vir die skoonmaak van u eiendom deur ‘n skoonmaker van u eie keuse. U maak dalk al baie jare van ‘n spesifieke persoon gebruik of van ‘n spesifieke diens, daarom maak ons alreeds ‘n nota hiervan wanneer u eiendom by ons gelys word.

U kan natuurlik ook Help2Rest kontak as ‘n borg of as adverteerder, om ons te help sodat ons hierdie diens nog goedkoper aan geestelike leiers kan verskaf (of uiteindelik dit gratis aan hulle kan bied).

Ons gaan eers volstaan by R100 per gesin, per maand, asook dan een week per gesin per jaar. Ons wil graag eers vir soveel as moontlik gesinne geleentheid gee om te gaan rus!

Help2Rest is reeds aktief op *Facebook* en u kan ons op die volgende e-pos adres of per selfoon kontak: help2rest@gmail.com of vir Theo by 082 388 5002.

Die bankrekening sal eersdaags beskikbaar wees, dit word by FNB oopgemaak en geregistreer.

Help2Rest se webbladsy by www.help2rest.net is nog nie aktief nie, hiervoor het ons ook fondse en hulp nodig, maar dit verhoed ons nie om reeds ‘n uitstekende diens te verskaf nie.

Binnekort sal ek vir u die volgende aanheg, ‘n inskrywingsvorm vir die predikant en sy gesin, asook ‘n vorm as u graag ‘n eiendom wil lys, wat gebruik kan word vir hierdie projek.

Dankie vir u aandag, help ons asseblief, sodat ons ander kan help om te rus,

Groete.

Theo Oosthuyzen
082 388 5002
NG Kerk Senekal, Vrystaat